

# Kusweg



# Lofsentrum

NG GEMEENTE  
GORDONSBAAI

Een in liefde, een van hart, een in strewe... ALMAL welkom!

## Aankondigings

Sondag, 10 & 17 Januarie 2021

Prediker : Ds. Melissa Hoffmann

Dienste is tydens Vlak 3 van inperking slegs aanlyn beskikbaar vanaf 09h00 op die betrokke Sondag. Skakel is op webwerf, facebook en Whatsapp beskikbaar.

**Dankie** aan almal wat getrou hul dankoffers en kollektes inbetaal, dit verseker dat projekte en werksaamhede van die gemeente kan bly voortgaan.

### Dankoffers / Kollekte



[www.ngkerkgordonsbaai.co.za](http://www.ngkerkgordonsbaai.co.za)

#### EFT BANKBESONDERHEDE

Rekeningnaam: NG Kerk Gordonsbaai

Bank: ABSA

Rekeningnommer: 420 580 010 (Tjek)

Takkode: 334312 (Strand)

Verwysing: Voorletter(s), van of waarvoor projeknaam/dankoffer)



Tydens **Vlak 3** van inperking is die **kerkkantoor slegs beskikbaar via telefoon en epos**

021 856 1654 of

[admingbaai@absamail.co.za](mailto:admingbaai@absamail.co.za)

## Gebedslys

### Siekes Tuis:

- Naomi Potgieter Stonehedge, Disaweg S8
- Lynette van Dellen Riverside Gardens (tans by dogter op Onrus)
- Johan van Tonder Devonweg 29B S5
- Dewet Andersen Clippersingel 17 S6

### Leedwese:

- Innige meegevoel met Marnitz en Andre van der Merwe en familie met die afsterwe van hulle pa.



## Eerste sondag na Epifaniefees : 10 Januarie 2021

Ons gaan tot verdere afkondiging, nog nie fisies bymekaar kom nie. Ons nooi julle egter uit: Dink asb weekliks na oor die skrifgedeeltes van aanstaande Sondag en laat weet aan my wat jou tref en waarvoor jy dink ons moet bid as dit kom by ons gemeente, gemeenskap en land, skepping, dankbaarheid.

**Gebedstema:** Sleutelteks: Psalm 29 Ander tekste: Genesis 1:1-5; Handeling 19:1-7; Markus 1:4-11  
Ps 29:9 Die stem van die Here laat die ooie lam en stroop die bosse kaal. In sy tempel sê almal: "Heerlikheid!"

Epifanie - Die week se skrifgedeeltes lei ons om verder te verstaan wat God se verskyning onder ons inhou. Drie verse van Ps 29 begin met: "Die stem van die Here" en dan kom ons verder onder die indruk van die geweldige krag van God se stem. Onmiddellik wil ons vra: "Hoe klink God se stem en waar hoor ons Hom en op watter manier praat Hy met ons" God het gekies om deur mense te werk. Ons glo die Bybel is die Woord van God, maar 'n toe Bybel is maar net 'n boek. Tradisioneel is prediking verabsoluteer tot dié manier om God se stem uit te dra en allerlei karikature soos om in 'n ander stem as 'n praatstem te preek, emosioneel en dramaties. Kragtige prediking is in sg. "kwaai" preke van veroordeling ervaar, soos een tannie in my eerste gemeente gekla het oor my prediking: "Ds. jy moet vir my preek oor my sonde dat die trane oor my wange rol" - van my voorgangers moes daar in geslaag het. Die sosiale media word steeds oorlaai met hierdie tipe van "kragtigheid". Kort na die laaste gesprek van die president luister ek na so prediker, wie se video ek op whatsapp ontvang het, en die gedagte kom by my op dat ek in die president se gesprek meer God se stem gehoor het as in dié van die prediker. In ons tyd het ons 'n herdefiniering en modulering van God se stem nodig, wat armoede kan stroop, ongelykhede kan gelyk maak, geweld kan omdraai in respek en liefde kan laat seevier. Dit begin by elkeen van ons se stilword om eerstehands by God te hoor, dit met mekaar te deel, dit verder te deel, mense in te nooi, saam soek, saam gehoorsaam en saam (in die "tempel") sê: "Heerlikheid!"

Aanstaande Sondag:

Gebed: Ons staan in verwondering oor wie U is, Here. Ons staan in afwagting oor wat U gaan doen.

Ons wandel en handel is hoopvol, want U is aan die werk. U stem weerklink oor die waters. Die God van heerlikheid donder. U is op die magtige waters. U stem is magtig, vol majesteit.

Ons bely: Ons Vader, die genade van ons Here, Jesus Christus, U liefde en die gemeenskap met die Heilige Gees is by ons en dit is genoeg! Sodat ons U stembande kan wees dat die wêreld kan hoor. AMEN

Gemeenteleiers en personeel: Ons bid vir Di. Melissa en Johan vir wie dit onmoontlik is om alleen, sonder die gemeente, God se stem te kan wees.

Gemeenteaktiwiteite: Die drastiese aanpassings met die hernude aankondiging na vlak drie; almal in die voorste linies om hierdie aanpassing binne die gemeente te laat werk.

Kerksake: Soos die Covid pandemie opgevlam het, het daar ook 'n aantal netelige kwessies binne die kerk opgevlam; Ds. Jetro Cloete van ons geografies naaste gemeennte, die VGK Strand in Rusthof het 'n reëling met sy gemeente moes maak dat hulle nie meer as een begrafnis of roudiens per dag sal kan hanteer nie - die vorige week het hy elke dag 'n diens gehad terwyl die behoefte groter was.

Land- en wêreldsake: President Cyril Ramaphosa as leier in die tyd; die wetenskap, polemieë en daarstelling van inentingsmiddele; die skole en Universiteite wat heelwat later gaan oopmaak.

Seisoen van Skepping: Here, ek dank U vir die wind wat sy funksie in die skepping het. Hoe bevoorreg om op die plek te bly "waar die wind gemaak word" om te laat reën op so baie plekke. Here dankie vir goeie reëns waar dit droog was. Gee asseblief aan almal die nodige reëns.

Dankbaarheid: God self hou sy kerk in stand terwyl alle menslike handeling deel van die geskiedenis raak. As jy 'n gebed of 'n oor nodig het - ons is daar vir jou! Stuur jou gebede en versoeke aan of kontak Erik Brits by 082 883 2520).

Dankbaarheid: God self hou sy kerk in stand terwyl alle menslike handeling deel van die geskiedenis raak. As jy 'n gebed of 'n oor nodig het - ons is daar vir jou! Stuur jou gebede en versoeke aan of kontak Erik Brits by 082 883 2520).

## GEBED - CORONA VIRUS

ONS VADER WAT IN DIE HEMEL IS

Hoe groot is U genade dat ons U ons VADER kan noem  
Ons buig in nederige aanbidding voor U liefde wat van

sondaars U kinders maak

HERE, U wat die lotgevalle van volke en nasies in U hand

hou in hierdie spanningstyd waarin ons op die  
oomblik verkeer met die virus wat die wêreld so bedreig

Gee aan ons vrede en rustigheid, bewaar en beskerm  
ons HEER

Bring deur U Goeie Gees ons ontstuijige gemoed tot  
bedaring

Help ons om, kalm en positief te bly, met die gedagte  
U bly in beheer

Beskerm asseblief ons kinders, families, ons harts-  
mense van hierdie siekte

Maak almal gesond wat dit reeds het, en bring ons  
nader aan mekaar

Bring ons weereens tot die besef van U wonderwer-  
kende krag

Maak ons altyd en in alle omstandighede getrou aan  
U, ons GOD en ons Beskermer

Dankie HEER dat ons weet U sal ons altyd bewaar  
beskerm en nooit verlaat nie

# AMEN

## GEEN TJEKS !

Agv nuwe reëls ten opsigte van tjeks,  
het ABSA versoek dat ons die  
volgende  
deurgee aan ons lidmate:

Geen tjeks sal na 31 Desember 2020  
by hulle aanvaar word nie, ongeag op  
watter datum dit uitgereik is.

.Maak asb gebruik van ons  
alternatiewe betaalmetodes. Kontant  
by kerkkantoor, elektroniese  
oorbetalings (EFT) of Zapper.

## ECO FIRE & BRAAI blokke

- Geskik vir kaggel en braai
- Brand soos hout
- Maak warm kole wat lank hou
- Saamgepersde druiwepitte
- Eco vriendelik, droog en skoon
- Maklik om saam te neem op reis
- Verpak in karton boks: 5kg.



**Gratis aflewering (min 10 bokse):** R 35 / boks  
**Haal en betaal:** 3 bokse = R 100 / 10 bokse = R310

Bestellings: 084 714 3609

*Ten bate van Casablanca "Kinders vir die Koning"*

## NUWE INTREKKERS

Daar is aanmeldingsvorme in  
die voorportaal by Kusweg  
Kerk en by die Infodesk by  
die Lofsentrum geplaas.  
Vul asb. jou naam op die lys  
in, indien jy 'n nuwe  
intrekker is wat graag by ons  
gemeente wil inskakel. Ons  
sal jou kontak met die  
relevante informasie.



## LIDMATE

Alle nuwe lidmate word hartlik  
uitgenooi na die byeenkoms vir  
voornemende lidmate. Die  
leraars wil u graag daar  
ontmoet, verwelkom en  
bekendstel aan alles wat ons  
gemeente bied en waarby julle  
kan inskakel. Gegewens om u  
lidmaatsertifikate aan te vra,  
moet ook by hierdie  
geleentheid ingevul word. Die  
volgende byeenkoms vind  
plaas by die Kusweg  
Kerkgebou om  
18h30 op 3 Februarie 2021.

## DOOP

Die volgende Doopgesprek is  
op **Woensdag, 10 Februarie  
2021** om 18H30 in die  
konsistorie (Kusweg  
Kerkgebou). **Voornemende  
doopouers moet vooraf die  
Doopvorme by die  
Kerkkantoor kry en  
BYWONING BESPREEK** asook  
die **VORM INHANDIG** voordat  
jy die byeenkoms kan  
bywoon. Al twee ouers moet  
die gesprek bywoon asb.  
Skakel 021- 856-1654 of e-pos  
[admingbaai@absamail.co.za](mailto:admingbaai@absamail.co.za)

# Kontakbesonderhede

## **KERKKANTOOR**

Kusweg 87  
Posbus 15, Gordonsbaai 7151

## **Nommer & Epos**

021- 856- 1654  
ngkgordonsbaai@absamail.co.za  
(Sanette)  
admingbaai@absamail.co.za  
(Madalene)

## **Orrelis**

Ronelle Hoogenhout: 083- 474- 8123

## **Koster**

Ruben van Wyk: 021- 856- 1654  
(Woensdae af)  
Aflos Koster: Jurgen Bester  
084-714-3609

## **MAATSKAPLIKE WERKER**

Margareth Knipe  
021- 856- 2472  
maatskaplikngk@gmail.com

## **Kantoor tye:**

Maandag, Woensdag & Vrydag.  
Skakel vir 'n afspraak of laat 'n boodskap.

## **NOODNOMMER**

Na-ure slegs vir krisis en onmiddellike ondersteuning

**072- 282- 1742**

## **PREDIKANTE**

### **Streekindeling Predikante:**

Vir pastorale versorging kan die predikante as volg gekontak word:

### **Ds. Melissa Hoffmann:**

Streke 2, 4, 6, 8 & Summervale  
021- 856- 2683 / 066- 220 -7498  
ellis.melissa94@gmail.com

### **Ds. Johan Botes:**

Streke 1, 3, 5, 7, 9 en Summervale  
KiX & Nasorg Klub  
081-049-8362  
[sondagoggend@gmail.com](mailto:sondagoggend@gmail.com)

## **DIENSGROEPE**

### **Gasvryheid en Nuwe Intrekker Inskakeling**

Floris Theart 084-7515-771

### **Funksies en Verversings**

Francoisnette van Zyl 082-851-9580

### **Finansies- en Bateontwikkeling**

Hein Loots 076-600-4484

### **Barmhartigheid & Getuienis**

Herman Lourens 083-228-1069

### **Gebedsbediening en Geestelike Begeleiding**

Erik Brits 082-883-2520

### **Kleingroepe**

Amanda van Wyk 084-504-9747

### **Hulpbronne en Administrasie**

Sanette Strydom 021-856-1654

### **Familiebediening**

Danelle van der Merwe 084-511-6266

### **Lofbediening**

Wynand du Plessis 072-940-5144

### **Gemeenteskakeling**

Vakant – kom help ons asb!



## **Lidmate WhatsApp groep:**

<https://chat.whatsapp.com/EAEfRdNB58Togpe1zQpWY5>

Klik op die skakel hierbo en sluit aan om gereeld inligting en nuusbrokkies te ontvang.



[www.ngkerkgordonsbaai.co.za](http://www.ngkerkgordonsbaai.co.za)



Dit is vir ons belangrik om met u te kan kontak hou. Onthou om die Kerkkantoor te laat weet indien u kontakbesonderhede verander. 📞💻



### **D6 COMMUNICATOR:**

Hierdie ROOI d6 Business moet van nou af geïnstalleer word. Aanwysings op pamflette in die voorportaal / info desk beskikbaar.



*Baie dankie aan ons borg vir die aankondigings*



*Georgestraat 89, Strand | 021-853-4790*

**Rekeningnaam:** NG Kerk Gordonsbaai

**Bank:** ABSA

**Nommer:** 420 580 010 (Tjek)

**Takkode:** 334312 (Strand)

Voorletter(s), van of waarvoor  
(projek-naam / dankoffer)